Wishlist

DOXA DEO

Ons Christmas Wishlist is 'n gemeente wye inisiatief waar ons aan die einde van elke jaar, deur verskillende projekte, uitreike en inisiatiewe God se liefde en vrygewige natuur kom demonstreer. Dit bied ons mense die geleentheid om 'n verskil in mense se lewens te maak deur eenmalige uitreike in Desember maand maar ook deurlopende jaar projekte waar ons oor 'n langer termyn betrokkenheid opneem in mense se lewens.

PROJEKTE WAAR JY BETROKKE KAN RAAK

Indien 'n behoefte vervul is sal die fondse na die ander projekte vloei.

	Bedrag
Kinderhuise Ons is betrokke by die volgende Kinderhuise Bramley en Heneka Haven en hulle benodig een stel klere en een paar skoene vir ongeveer 50 kinders, elk wat R300 per kind uitwerk.	**R15 000**
Kinderbediening by Brooklyn Die opgradering van speelgoed vir 4 klasse.	**R10 000**
Kommunikasie en Opname Lokaal Die inrigting van 'n studeo vir kwaliteit opnames van alle opleidings en digitale media. Inrigting R25 000 Toerusting R25 000	**R50 000**
Karwagte en Brooklyn werkers Ons bedank ons karwagte en werkers deur hulle met die volgende te bederf: Wagte - 8 x R500 per persoon, Werkers - 5 x R500 per persoon (kos en klere voucher).	**R6 500**
Jeugwerkerfonds Deur ons jeurgwekerfonds kry ons mense die geleentheid om 'n verskil te maak in die lewens van ons volgende generasie, spesifiek wat skole bediening betref. Donasies dra direk by tot die betaling van salarisse van ons skole jeugwerkers.	**R250 000**
POPUP Ons wil graag R300 pp bydra tot POPUP se personeel jaareindfunksie om ons waardering te toon vir die bydrae wat hulle lewer tot vaardigheidsontwikkeling.	**R10 000**
Polisiestasie Ons reik uit na Brooklyn Polisiestasie tydens die kersseisoen en wil graag vir hulle 250 waterbottels gee wat R50 per item kos.	**R12 500**

Jaar projekte

Die volgende projekte en uitreike vorm deel van ons kampus se jaar prosesse en vra daarom befondsing wat volhoubaarheid en kontinuïteit sal verseker omdat dit vir ons strategies van belang is.

Cherished Baby

R20 000

Cherished baby is 'n projek wat ons in staat stel om mammas en babas in minder bevoorregde posisies en areas, te bemagtig met die essensiële produkte vir die eerste paar weke na die baba se geboorte. Mammas word reeds in die hospitaal bedien deur ons span, waar daar gebid word vir hierdie opwindende maar soms vreesaanjaende tyd van haar lewe. Elke bydrae, maak dit moontlik dat ons nie net die mamma bemagtig nie, maar ook iets vir die volgende generasie kan beteken.

Teologiese studente studiebeurse

R35 000

Ons wil graag beurse beskikbaar stel vir ons Doxa Deo Teologiese studente wat deur ons "CCI Students" studeer. Koste beloop R35 000 per jaar, dit sluit alle vakke van opleiding in (SATS, CCEP, en CCI Students).

Red Frogs

R15 000

Red Frogs is 'n uitreik na ons universiteite se sosiale aksies waar drankmisbruik 'n groot probleem is. Red Frogs skep "safe zones" by klubs, koshuis-aksies en groot studente geleenthede soos Lentedag en Jool.

Life Centre

R50 000

Kosprojek - Ons help elke maand gesinne met 'n kosbewys wat deur 'n finansiële krisis gaan.

BANK BESONDERHEDE

Doxa Deo Brooklyn, ABSA Hatfield,
Rek no: 407 405 79 52, Tak kode: 632 005
Betalings verwysing: **"WISHLIST"**

Vir enige navrae: **ESTER.DEKOKER@DOXADEO.ORG**